## Tjokkies Preprimêre Jaarverslag 2025

Om ‘n tuin aan te lê, is om te glo in die toekoms. So het Audrey Hupburn baie jare gelede gesê en vandag is dit steeds waar.

By Tjokkies Preprimêr is ons tuin vir ons belangrik en glo ons in die toekoms van elke Tjokkie-kleuter.

Kleuters leer deur middel van hul sintuie en in ‘n mooi tuin word sintuie gestimuleer: reuk, gehoor, sig, tas en selfs smaak (Watter kleuter het nog nie ‘n bietjie sand in die mond gehad nie?) Die Tjokkietuin is ‘n groot sensoriese ervaring en ‘n belewing van die estetiese. Dit leer die kleuters respek, sorg en waardering. Dit skep verkenning en avontuur. Dit bied ontvlugting en ontspanning en streel emosies, soos die volgende slagspreuk bevestig: “A garden is a friend you can visit anytime”. Hoeveel beter is dit nie, as om ure in ‘n skoolbank deur te bring en stringe werkvelle te voltooi nie?

Daarom skroom ons nooit om ‘n deel van ons jaarlikse Gholfdagwins altyd in ons tuin te investeer nie.

Alles wat ons aanpak by Tjokkies Preprimêr, is om groei te bevorder. Vir ons kleuters is dit groei in selfvertroue, kennis, vaardighede en vele meer. Vir ons skool is dit groei in wat ons bied, waarvoor ons staan, asook groei in aanvraag met die doel om soos die vorige 29 jaar van ons bestaan, ons Primêre Skool te voed met genoeg skoolgereed kaalvoetkleuters wat die skoene van die toekoms kan vol staan.

Op akademiese gebied word groei bevorder deur die werk van toegewyde personeel en assistente, asook deur ouerafsprake te voer in belang van elke kleuter. In ons Smartieklas, waar individuele hulpverlening geskied, word seker gemaak dat geen kleuter agterbly om te groei nie.

Ons ouerkomitees maak ons hande sterk deur die werk wat hul verrig op die Sosiale-, Terrein-, Gholf- en Bederfdagkomitees.

Sonder ‘n ondersteunende Beheerliggaam, sal ons nie kan groei nie, daarom ‘n groot dank aan ons Beheerliggaam vir hul ondersteuning.

Van die suksesvolle projekte wat gedurende 2025 groei op vele terreine by Tjokkies bewerkstellig het, is onder andere Pettedag, die Ken-mekaar piekniek, die Tjokkiebal, die Kermis, die Gholfdag, Tentedag, ons Akademiese tema-week, ons Tjokkie Lympics en die Baby Tjoklits Sport- en Pretdag. Om van die groei wat met ons jaarlikse Kleuterkonsert plaasvind nie eers te praat nie!

Vanjaar se tema van ons konsert is “Tuinstories” en ons sien daarna uit om elke kleuter behoorlik op die verhoog te sien groei en blom.

Vir ‘n geseënde jaar van baie groei, gee ons al ons dank en eer aan die groot “Tuinier”, ons Skepper, in Wie se beskerming ons die toekoms met vertroue tegemoet kan gaan.

Elsabé Claassen

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein
Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel: 051 522 3628
Faks: 051 522 3628
E-pos: preprim@tjokkies.co.za
www.tjokkies.co.za

